



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN

GRAAD 11

REKENINGKUNDE

PUNTE: 300
TYD: 3 uur

21 bladsye

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN**REKENINGKUNDE****PUNTE: 300****TYD: 3 uur****INSTRUKSIES**

- 1 Beantwoord AL die vrae.
- 2 Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
- 3 Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig deur en voer dit stiptelik uit.
- 4 Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
- 5 Jy mag blou of swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
- 6 Gebruik die inligting hieronder in die tabel as gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD IN MINUTE
1	Versoening en interne beheer	50	30 minute
2	Finansiële state en Bateverkope	80	48 minute
3	Ontleding en vertolking van finansiële state	35	21 minute
4	Vervaardiging	45	27 minute
5	Kontantbegroting	45	27 minute
6	BTW en voorraad	45	27 minute
TOTAAL		300	180 minute

VRAAG 1

REKONSILIASIE EN INTERNE BEHEER

(50 punte; 30 minute)

- 1.1 Lees die onderstaande stellings. In elke geval, dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (4)
- 1.1.1 'n Kredietnota is 'n dokument wat deur 'n kliënt uitgereik word wanneer hy goedere aan 'n verskaffer terugstuur.
- 1.1.2 'n Vooruitgedateerde tjek ontvang, moet in die Vooruitgedateerde tjek-register aangeteken word tot en met die datum wat dit geldig word.
- 1.1.3 Rente op oortrokke rekening word nie as deel van die bankkoste beskou nie, omdat dit deel is van die finansieringskoste.
- 1.1.4 'n Debietsaldo op die Bankstaat beteken die bankrekening het 'n ongunstige saldo.
- 1.2 'n Onervare boekhouer van Blou Winkels het die joernale vir Maart 2017 af-gesluit en oorgeboek na die Algemene grootboek voordat dit met die Bankstaat vergelyk is.

GEVRA:

- 1.2.1 Teken die aanvullende inskrywings, om die boeke reg te stel, direk in die Bankrekening aan. **Begin die bankrekening met die voorlopige saldo op 31 Maart 2017. Dui die Kontrarekeninge vir die individuele inskrywings aan in die bankrekening.** (23)
- 1.2.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Maart 2017 op. (7)

INLIGTING:

Bankversoeningstaat op 28 Februarie 2017	
Debietsaldo soos in bankstaat	25 600
Krediteer uitstaande deposito's	13 500
Debiteer uitstaande tjeks	
61 (15 September 2016)	4 000
118 (6 April 2017)	2 000
650 (18 Februarie 2017)	3 700
Saldo soos in bankrekening	?

Voorlopige totale / saldo's op 31 Maart 2017

Bankkolom in Kontantontvangstejoernaal	R103 000
Bankkolom van kontantbetalingsjoernaal	R97 920
Bankrekening in Algemene Grootboek op 31 Maart 2017	?

A Die volgende items verskyn op die Bankstaat vir Maart 2017, maar nie in die kontantjoernale nie.

- Diensgelde, R680; kontanthanteringsfooi, R200; rente op kredietsaldo, R400.
- 'n Tjek van J Maposa vir R1 600, ter vereffening van sy rekening van R1 700 is terugverwys deur die bank as gevolg van onvoldoende fondse.
- 'n Huurder, A Colbyn, het 'n deposito van R18 000 in Blou winkels se bankrekening gemaak.
- Tjek nr. 961 vir R6 900 is in die Kontantbetalingsjoernaal as R9 900 aangeteken, dit was vir die aankope van handelsvoorraad. Die bedrag op die bankstaat is korrek.
- 'n Stoporder van R15 000 aan Allsure Versekeraars. R6 000 van die bedrag was vir die eienaar se persoonlike voertuig.

B 'n Vergelyking van die bankstaat met die bankversoeningsstaat op 28 Februarie 2017 het die volgende verskille aan die lig gebring:

- Die deposito van R13 500 verskyn op die bankstaat.
- Tjek nr. 650 is aangebied vir betaling.
- Tjek nr. 61 is uitgereik aan J Mudi vir goedere wat in September 2016 afgelewer is. Die tjek moet gekanselleer en vervang word met tjek nr. 1294. Die vervaardiger het nog nie die tjek afgehaal nie.
- Tjek nr. 118 is uitgereik aan Oggend Nuus vir advertensies. Die advertensie is nog nie gepubliseer nie. Blou Winkels het besluit om die advertensie en die tjek te kanselleer.

C Die volgende items verskyn in die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal, maar nie op die bankstaat nie:

- Kontantdeposito, R52 980
- Tjeks:

Tjek Nr.	Bedrag	Datum
861	R1 400	8 Februarie 2017
1141	R1 500	15 Maart 2017
1175	R8 000	15 April 2017

D Die bankstaat wys 'n ongunstige saldo van R48 880 op 31 Maart 2017.

VRAAG 1.3

KREDITEUR-REKONSILIASIE

Die staat van Smile Verskaffers op 28 Februarie 2017 aan Like Handelaars wys 'n uitstaande balans van R26 940. Die Krediteuregrootboek in die boeke van Like Handelaars wys 'n bedrag van R16 620 verskuldig aan Smile Verskaffers.

GEVRA:

- 1.3.1 Dui die veranderinge in die saldo's in die Krediteuregrootboek en die krediteurestaat aan.

Skryf slegs die bedrae in die toepaslike kolom en 'n plus (+) of minus (-) teken om 'n toename of afname aan te dui. Bereken die korrekte saldo / totaal aan die einde.

(12)

- 1.3.2 Die eienaar van Like Handelaars is bekommerd dat die boekhouer die krediteurestelsel misbruik. Noem TWEE interne beheermaatreëls wat hy kan toepas om dit te voorkom.

(4)

INLIGTING

Deur verdere ondersoek is die volgende ontdek:

- A. Die tjek wat aan Smile Verskaffers uitgereik is vir Januarie se uitstaande bedrag is nie betyds deur Smile Verskaffers ontvang nie. Hulle het nie die R500 korting toegestaan nie.
- B. Goedere wat teruggestuur is deur Like Handelaars is in die Krediteure grootboek aangeteken as R2 440. Die korrekte bedrag van R2 620 verskyn in die staat wat van Smile Verskaffers ontvang is.
- C. 'n Faktuur wat van Smile Verskaffer ontvang is, is korrek in die boeke van Like Handelaars aangeteken as R10 000. Die staat van Smile Verskaffers wys die bedrag as R1 000.
- D. 'n Tjek van R7 000 wat deur Like Handelaars betaal is, is nog nie in die staat van Smile Verskaffers aangeteken nie.
- E. 'n Faktuur vir R6 000 wat van Smile Verskaffers ontvang is, is in die boeke van Like Handelaars aangeteken as 'n Kredietnota.

VRAAG 2
FINANSIËLE STATE
(80 punte; 48 minute)

Die finansiële jaar van RANA Handelaars eindig op 31 Desember 2017.

GEVRA

2.1 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op.

(42)

INLIGTING
1. VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 31 DESEMBER 2017

BALANSSTAAT-AFDELING	Debiet	Krediet
Kapitaal		2 122 800
Onttrekkings	569 491	
Grond en geboue	120 000	
Voertuie	476 000	
Toerusting (kosprys)	230 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		89 600
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		86 000
Lening: Bank of Africa		410 000
Vaste Deposito: Bank of Africa (10% p.j.)	150 000	
Handelsvoorraad	70 000	
Debiteurekontrole	55 500	
Voorsiening vir oninbare skulde		2 400
Bank	61 048	
Kleinkas	350	
Krediteurekontrole		25 621
NOMINALE REKENINGE-AFDELING		
Verkope		720 000
Koste van verkope	400 000	
Debiteure-afslag	13 800	
Huurinkomste		46 400
Salarisse en lone	164 000	
Werkgewersbydrae	10 800	
Oninbare skulde	3 200	
Water en elektrisiteit	8 900	
Korting toegestaan	430	
Telefoon	7 800	
Versekering	8 800	
Verpakkingsmateriaal	8 206	
Bankkoste	846	
Rente op Vaste deposito		13 750
	3 439 171	3 439 171

2. AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

- 1 'n Debiteur, Heyman, het beskadigde goedere met 'n verkoopprijs van R4 200 terug gestuur. Die winsopslag was 60% op kosprijs. Hierdie transaksie is nog nie geboekstaaf nie.
- 2 Verpakkingsmateriaal ter waarde van R5 350, is gebruik gedurende die rekenpligtige tydperk.
- 3 Op 31 Desember 2017 het 'n fisiese voorraadopname aan die lig gebring dat handelsvoorraad ter waarde van R64 700 op hande is.
- 4 Die huurder het huur betaal tot 30 November 2017. Die huur is vanaf 1 Junie 2017 met 10% verhoog.
- 5 Die water- en-elektrisiteitsrekening vir Desember 2017 is nog nie betaal nie, R1 100.
- 6 Ontvang R600 uit die insolvente boedel van M Hand, 40 sent van elke rand moet afgeskryf word.
- 7 **Die bankstaat van Tony Bank toon die volgende:**
 - Bankkoste R250
 - Rente op lopende rekeninge R150
 - Onbetaalde tjek van R350 wat ontvang is ter vereffening van R380.
- 8 Voorsiening vir oninbare skulde moet aangepas word na R2 200.
- 9 Versekering sluit 'n premie in van R2 400 wat betaal is vir die tydperk 1 Augustus 2017 tot 31 Julie 2017.
- 10 Een werknemer is weggelaat in die Salarisjoernaal vir Desember 2017

Netto Salaris	Aftrekkings	Werkgewersbydrae	Bruto Salaris
R9 200	R2 400	R350	?

- 11 Ontvang die leningsstaat van Bank of Africa

Saldo op 01 Januarie 2017	R 270 000
Gekapitaliseerde rente	?
Terugbetalings gedurende die jaar, insluitend die rente	70 000
Saldo op 31 Desember 2017	215 000

- 12 Waardevermindering op Vaste bates beloop R15 000 vir die jaar.
- 13 Rente op vaste deposito vir Desember 2017 is nie opgeteken in die onderneming se boeke nie. Rente op vaste deposito is nie gekapitaliseer nie.

VRAAG 2.2 BALANSSTAAT EN BATEVERKOPE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Nemesis Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die waardevermindering op voertuie:

- (a) Vir die voertuig wat verkoop is gedurende die jaar
- (b) Die totale waardevermindering vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2017 (4)

2.2.2 Voltooi die Vastebate-Nota op 28 Februarie 2017. (14)

2.2.3 Voltooi die Balansstaat op 28 Februarie 2017. Toon berekeninge in hakies waar die notas nie gevra is nie. (20)

INLIGTING:
1. LYS VAN SALDO'S VAN NEMESIS TRADERS OP 28 FEBRUARIE 2017

Kapitaal	2 426 520
Onttrekkings	460 000
Lening: ABSA Bank	1 800 000
Vaste deposito: ABSA Bank	350 000
Grond en geboue (1 Maart 2016)	2 600 000
Toerusting (1 Maart 2016)	900 000
Voertuie (1 Maart 2016)	1 250 000
Opgehoopte waardevermindering op Toerusting. (1 Maart 2016)	360 000
Opgehoopte waardevermindering op Voertuie (1 Maart 2016)	800 000
Handelsvoorraad	570 000
Debiteurskontrole	105 000
Voorsiening vir oninbare skulde	7 000
Spaarrekening	50 000
Oortrokke bank	40 000
Wisselgeld	6 000
Krediteurekontrole	190 000
SARS: LBS	9 000
Verbruikersgoedere voorhande	10 700
Opgelope inkomste	12 000
Vooruitbetaalde uitgawes	1 320
Opgelope uitgawes	6 500
Inkomste vooruit ontvang	18 000

2. AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

- A** Geen inskrywings is gemaak vir 'n ou voertuig wat verkoop is teen boekwaarde op 30 November 2016 nie. Die vastebateregister weerspieël die volgende ten opsigte van die voertuig wat verkoop is:

Bate: Ford Ranger	
Registrasie: SN 582 AB GP	
Kosprys	R250 000
Opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2016	R170 000
Waardevermindering: 20% p.j. op kosprys	

- B** Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% van die drawaarde. Geen nuwe toerusting is aangekoop gedurende die jaar nie.
- C** Die kapitaalbedrag van die lening sal in die volgende finansiële jaar met R96 000 verminder word.
- D** Geen inskrywing is gemaak vir die aanbouings wat op krediet gedoen is deur MB Konstruksie ter waarde van R84 000 nie.
- E** 'n Vaste deposito van R80 000 verval in die volgende finansiële jaar.

VRAAG 3

BEGRIFFE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

(35 punte; 21 minute)

3.1 PASITEMS – BEGRIFFE

KOLOM A bevat 'n lys Konsepte en KOLOM B 'n lys verduidelikings.
Kies 'n verduideliking uit KOLOM B wat pas by 'n konsep in KOLOM A.

Skryf slegs die letter langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK.

(5)

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Hefboomfinansiering	A	Die vermoë van die onderneming om sy lopende skuld te delg.
3.1.2	Opbrengs op eienaars-belang	B	Die vermoë van die onderneming om al sy skuld te delg
3.1.3	Solvensie	C	Die mate waartoe 'n besigheid gebruik maak van eksterne lenings om sy bedrywighede te finansier.
3.1.4	Likiditeit	D	Die vermoë van die onderneming om sy inkomste en lopende uitgawes te beheer.
3.1.5	Bedryfsdoeltreffendheid	E	Die mate waarin die eienaars beloon is vir hul belegging in 'n besigheid.

3.2 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Swag Klere vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 saam met vergelykende syfers vir 2016. Die onderneming behoort aan vennote Raymond en Natalie.

3.2.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2017.

- A Vuurproefverhouding (4)
- B Skuld-ekwiteitsverhouding (3)
- C Bedryfsuitgawes op verkope (3)
- D % Opbrengs verdien deur Natalie (6)

3.2.2 Die vennote is tevrede met die beheer van die bedryfsuitgawes in 2017. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om hul mening te staaf. (4)

3.2.3 Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2017. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf. (4)

3.2.4 Die vennote het gedink dit was 'n goeie idee om van meer lenings gebruik te maak in 2017. Haal TWEE finansiële aanwysers aan (werklike syfers of persentasies) om hulle mening te staaf. (4)

3.2.5 Lewer Kommentaar op die % opbrengs verdien deur die besigheid. **Natalie** is baie tevrede met haar opbrengs, maar **Raymond** is teleurgesteld. Haal finansiële aanwysers / syfers aan om jou antwoord te staaf. (2)

Uittreksel van die Finansiële state	28 Feb 2017	29 Feb 2016
Verkope (60% op krediet)	R3 900 000	R3 200 000
Bedryfsuitgawes	680 000	660 000
Rente op lening (13% p.j.)	117 000	26 000
Bedryfsbates	2 130 000	1 930 000
Lopende bates	1 320 000	510 000
Handelvoorraad	920 000	230 000
Vennotebelang	2 110 000	2 000 000
Langtermyn laste (Lenings)	900 000	200 000
Lopende laste	440 000	320 000

VENNOOT: NATALIE	28 Feb 2017	29 Feb 2016
Kapitaal	1 000 000	1 000 000
Privaatrekening aan einde van die jaar	165 000	35 000
Vennoot se salaris	170 000	110 000
Rente op kapitaal (5% p.j.)	50 000	50 000
Bonus	83 000	0
Verdeling van oorblywende wins	40 000	72 000

Finansiële aanwysers	29 Feb 2017	29 Feb 2016
Bedryfskapitaalverhouding	2.9:1	1.6:1
Vuurproefverhouding	A	0.9:1
Omsetsnelheid van voorraad	4 keer	9 keer
Skuld Ekwiteitsverhouding	B	0,1:1
Rente op lenings	13%	13%
% Bedryfsuitgawes op verkope	C	20,6%
% Bedryfswins op verkope %	18,5%	16,9%
% Netto wins op verkope	15,5%	16,1%
% Opbrengs verdien deur NATALIE	D	24,0%
% Opbrengs verdien deur RAYMOND	23,1%	28,9%

VRAAG 4

VERVAARDIGING

(45 punte; 27 minute)

- 4.1 Jy word voorsien van inligting uit die rekeningkundige rekords van die Spring Park Vervaardigers. Hulle spesialiseer in die vervaardiging van eksklusiewe skoene vir professionele atlete.

GEVRA:

- | | | |
|-------|---|------|
| 4.1.1 | Bereken die bedrag vir grondstowwe uitgereik vir produksie in 2017. | (4) |
| 4.1.2 | Bereken die Direkte arbeidskoste. | (7) |
| 4.1.3 | Voltooi die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek: | |
| | • Fabrieksbokoste | (13) |
| | • Goedere-in-bewerking | (6) |

Let wel: Saldeer / sluit die rekening behoorlik af op 30 Junie 2017.

INLIGTING:

1. Die volgende saldo's verskyn in die boek van Spring Park.

	30 Junie 2017	1 Julie 2016
Direkte materiaal	20 000	18 000
Goedere in bewerking	?	35 000
Indirekte materiaal	7 500	7 200

2. **Transaksies vir die jaar:**

Direkte materiaal aangekoop gedurende die jaar	650 000
Vraggeld op aankope	12 300
Fabriekshuur betaal	68 500
Advertensies betaal	23 500
Fabrieksinstandhouding betaal	46 700
Water en elektrisiteit betaal	80 000
Indirekte materiaal aangekoop	56 000
Diverse uitgawes betaal	21 000
Fabrieksvoorman se salaris	89 050
Die kantoorassistent se salaris vir die jaar	130 000

3. ADDISIONELE INLIGTING

- A Ingesluit in die bedrag vir grondstowwe is goedere wat nie die deur die onderneming bestel is nie en is dus teruggestuur is aan die verskaffers, R35 000.
- B Herstelwerk aan masjiene ten bedrae van R1 300 is in Junie 2017 voltooi, maar sal slegs betaal word in Julie 2017.
- C Water en elektrisiteit moet verdeel word tussen die fabriek, 70% en die kantoor 30%.
- D 80% van die indirekte materiaal is in die fabriek gebruik en die res in die kantoor.
- E Waardevermindering vir die jaar
- Kantoortoerusting, R9 500
 - Fabrieksmasjienerie, R12 800
- F Diverse uitgawes word verdeel in dieselfde verhouding as die vloer oppervlakte. Die verhouding van die ruimte tussen fabriek, kantoor en verkoopsafdeling is 4: 2: 1.
- G Lone verdien deur die skoonmaker, R46 000. Sy spandeer 50% van haar tyd in die fabriek.
- H Daar is drie werkers in diens van die fabriek. Hulle het elk 1 600 ure normale tyd gewerk teen R40 per uur. Hulle het elk 300 ure oortyd gewerk teen 50% meer as die normale loon.
- I Die salaris van die fabrieksvoorman sluit haar salaris vir Julie 2017 in. Sy het 'n verhoging van R650 per maand ontvang met ingang 1 Januarie 2017. Sy is aangestel.
- J Goedere ter waarde van R1 212 000 is vervaardig gedurende die jaar.

VRAAG 4.2 EENHEIDSKOSTE

GEVRA:

- 4.2.1 Bereken die eenheidskoste vir 2017 (a), (b) en (c) in die tabel in **inligting 4** hieronder. (3)
- 4.2.2 Vergelyk die eenheidskoste vir 2017 met die van 2016. Van die eenheidskoste is beïnvloed deur inflasie (prysverhoging). In elk van die volgende gevalle gee 'n moontlike rede, anders as inflasie, vir die verandering.
- Direktemateriaal-koste per eenheid
 - Direktearbeids-koste per eenheid
 - Fabrieksboekoste per eenheid (6)
- 4.2.3 Gelykbreekpunt:
- Bereken die gelykbreekpunt vir 2017. (4)
 - Lewer kommentaar oor die gelykbreekpunt vir 2017. (2)

INLIGTING:

1. Perry Das Vervaardigers het 44 000 eenhede gemaak en verkoop gedurende die jaar. Hulle het 35 000 dasse vervaardig in die vorige finansiële jaar.
2. Al die dasse is verkoop vir R45 elk in 2016 en in 2017.
3. Al die dasse vervaardig, is in die jaar verkoop. Daar was geen goedere in bewerking-voorraad aan die begin of die einde van die jaar nie.
4. Die volgende totale- en eenheidskostes is geïdentifiseer:

	2017		2016	
	Totale koste	Eenheids-koste	Totale koste	Eenheids-koste
Veranderlike koste:	R990 000	R22,50	R807 000	R23,05
Direktemateriaal koste	500 000	(a)	465 000	13,28
Direktearbeidskoste	320 000	7,27	208 000	5,94
Verkoops- en verspreidingskoste	170 000	(b)	134 000	3,82
Vaste koste:	328 000	7,45	292 000	8,34
Fabrieksboekoste	205 000	(c)	205 000	5,85
Administratiewe koste	123 000	2,79	87 000	2,48
Totale koste	R1 318 000	R29,95	R1 099 000	R31,40
Totale aantal eenhede vervaardig	44 000		35 000	

VRAAG 5 KONTANTBEGROTINGS (45 punte; 27 minute)

Die volgende inligting is uit die boeke van Sabie Handelaars.

GEVRA

- 5.1.1 Noem TWEE items wat nie in die kontantbegroting sal verskyn nie. Gee 'n rede by elkeen. (4)
- 5.1.2 Verduidelik die verskil tussen 'n Geprojekteerde Inkomstestaat en 'n Kontantbegroting. (2)
- 5.1.3 Gebruik die inligting rakende die begrotingstydperk en lewer kommentaar oor die debiteure-invorderingsbeleid in vergelyking met die krediteurebetalingsbeleid. (4)
- 5.2 Gebruik die gegewe inligting om die volgende te voltooi.
- 5.2.1 Die debiteure-invorderingskediule vir Julie 2017 en Augustus 2017. (7)
- 5.2.2 Die kontantbegroting vir Julie 2017 en Augustus 2017. (22)
- 5.2.3 Lewer kortliks kommentaar oor die bemarking, instandhouding van vaste bates en huurinkomste soos dit verskyn in die begroting. Verskaf EEN punt van advies rakende elke item. **Verwys na inligting K.** (6)

INLIGTING:

1.	WERKLIKE		BEGROTE	
	MEI	JUNIE	JULIE	AUGUSTUS
Verkope	450 000	600 000	550 000	650 000
Koste van verkope	300 000	400 000	360 000	430 000
Lone	55 000	55 000	?	?
Onttrekkings (kontant)	10 000	10 000	10 000	10 000
Huurinkomste	23 000	20 000	35 000	?
Bemarking			18 000	16 500
Instandhouding (Vaste bates)	R18 500	15 200	20 000	20 000

2. ADDISIONELE INLIGTING:

- A Ongunstige banksaldo op 30 Junie 2017 is R9 500.
- B Die verwagting is dat 50% van alle verkope op krediet sal wees.
- C Invorderings van debiteure is soos volg:
- 60% betaal een maand na die verkope (30 dae) en ontvang 2% korting.
 - 25% betaal twee maande na die verkope (60 dae).
 - 10% betaal drie maande na die verkope. (90 dae).
 - 5% van die skuld sal in die vierde maand na die verkope as oninbaar afgeskryf word.
- D Handelsvoorraad word vervang in dieselfde maand as die verkope. Alle aankope is op krediet en krediteure word afbetaal een maand na die aankope.
- E Huurinkomste verhoog jaarliks op 1 Augustus met 10%.
- F Die jaarlikse loonverhoging van 5% neem effek op 1 Julie 2017.
- G Een van die werknemers, met 'n maandelikse salaris van R17 750, is op vakansie oorsee, hy sal sy salaris vir Julie eers in Augustus ontvang as hy terug is.
- H 'n Vaste deposito ter waarde van R35 000 verval op 15 Augustus 2017.
- I 'n Voertuig is op 25 Junie 2017 verkoop. Die tjek van R65 000 is vooruit gedateer vir 25 Julie 2017.
- J 'n Nuwe voertuig ter waarde van R450 000 sal op 1 Augustus 2017 aangekoop word. 'n Kontantdeposito van 20% is betaalbaar op die dag wat die voertuig gekoop word. Die oorblywende bedrag sal van 1 September 2017 in 24 gelyke paaiemente afbetaal word.

K Die volgende inligting verwys na Vraag 5.2.3.

ITEM	WERKLIKE BEDRAE	
	JULIE	AUGUSTUS
Bemarking	18 300	17 200
Instandhouding (Vaste bates)	30 000	27 000
Huurinkomste	23 300	18 500

VRAAG 6 **BTW EN VOORRAAD** **(45 punte, 27 minutes)**

6.1. BTW EN ETIEK

Jy word verskaf met inligting uit die boeke van Willow Skryfbehoeftes, 'n BTW-geregistreerde onderneming. Goedere is onderhewig aan 14% BTW.

GEVRA:

6.1.1 Bereken die bedrae vir **A - D** op die tabel. (4)

6.1.2 Verduidelik die verskil tussen **Belastingvermyding** en **Belastingontduiking**. (4)

6.1.3 Die eienaar het 13 kasregisters. Die eienaar vat daagliks die verkope van die 13de kasregister vir sy eie gebruik. Dit word nie aangeteken in die boeke van die onderneming nie. Gee hom advies rakende die gedrag. (4)

INLIGTING

	BTW uitgesluit	BTW ingesluit	BTW
1	R320 000	?	A
2	R2 300	B	R322
3	C	D	R882

6.2 VOORRAADSTELSELS

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Daly Uitrusters op 28 Februarie 2017. Die onderneming verkoop handgemaakte sakke en ander bykomstighede. Die eienaar het jou genader om die finale rekeninge te doen, aangesien sy boekhouer nie seker is wat om te doen nie. Hy gebruik die **periodieke voorraadstelsel** en het 'n winsopslag van 50% op alle goedere.

GEVRA:

- 6.2.1 Voltooi die Aankoperekening op 28 Februarie 2017. Sluit die rekening af. (14)
- 6.2.2 Bereken die netto verkope vir die jaar geëindig 29 Februarie 2017. (6)
- 6.2.3 Stel die Handelstaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op. Let wel: Wys die berekeninge vir die koste van verkope op die antwoordblad. (9)
- 6.2.4 Daly wil die voorraadstelsel verander na die Deurlopende Voorraadstelsel, hy het jou opinie gevra oor die besluit. Skryf 'n kort aanbeveling vir hom rakende die besluit. In jou aanbeveling moet jy verwys na TWEE voordele van die deurlopende voorraadstelsel. (4)

1. INLIGTING

Daly Molefe het die volgende inligting en dokumente vir die jaar.	
Handelsvoorraad (beginsaldo) 1 Maart 2017	214 000
Fakture vir krediet aankope van voorraad van plaaslike vervaardigers	485 000
Kontantaankope vir die jaar, insluitende invoere	105 000
Debietnotas uitgereik aan verskaffers	2 560
Totale kontantverkope van handelsvoorraad volgens kasregister	520 000
Totale fakture uitgereik vir kredietverkope	200 670
Goedere wat deur kliënte teruggestuur is ten volle gekrediteer	3 480
Doeanekostes betaal vir handsakke wat ingevoer is	2 890
Vraggeld betaal op goedere aangekoop	5 750
Vraggeld betaal op goedere verkoop	4 200

2. ADDISIONELE INLIGTING:

1. Daly het goedere met 'n verkoopsprys van R3 000 aan een van die skole in die omgewing geskenk. Geen inskrywing is gemaak van die transaksie nie.
2. Daly het goedere met 'n kosprys van R1 200 gevat vir sy persoonlike gebruik. Die boekhouer was nie seker oor hoe om die transaksie te boekstaaf nie, so geen inskrywing is gemaak nie.
3. Rekening van R800 is ontvang van Quick Handelaars vir die vervoer van goedere.
4. Daly het die voorraadopname op 27 Februarie 2017 gedoen. Die waarde van die voorraad voorhande was, R312 890.
5. Die volgende transaksies het op 28 Februarie 2017 plaasgevind – **na die voorraadopname**. Die transaksies is dus nie in die boeke opgeteken nie.
 - 5.1 Kontantverkope vir die dag, R5 100.
 - 5.2 Kredietverkope vir die dag, R2 400.
 - 5.3 Kontantaankope van goedere teen kosprys, R1 500.